# Boekbespreking

*Are we killing God's earth? Ecology and Theology. 1987. W. S. Vorster (ed.) Pretoria: Unisa. R14,50. 118 bladsye.*

Hierdie boek bevat die neerslag van voordragte wat gehou is by 'n simposium oor hierdie onderwerp by die Instituut vir Teologiese Navorsing aan Unisa. Van die kant van die Teologie het die volgende persone bydraes gelewer: R. F. Fuggle, J. A. Loader, K. Nurnberger, I. J. van Eeden en D. F. Olivier. Vanuit die Ekologie se gesigspunt het die volgende persone referate gelewer: P. J. le Roux, D. F. Toerien, N. Boegman saam met C. J. Els.

Die ekoloë se toespitsing was op die vraagstuk van omgewingsbewaring en -besoedeling en dit raak die bodem, die water en die lug. Die invloed van die mens word telkens sterk onderstreep, veral sover dit die industrialisasie aangaan.

Die teoloë se bydraes handel oor die mens veral in die Ou Testament en die begrip 'orde' (Loader) terwyl die etiese vraagstuk van die verantwoordelikheid van die mens teenoor die omgewing in verskillende stukke na vore gebring word. Die referaat van Olivier verdien uitdruklike vermelding juis omdat hy terugkom op die noodsaaklikheid van 'n Skrifgefundeerde siening van die werklikheid. Hy praat van 'n "Christian holistic view of reality". Hy verbind dit aan God se betrokkenheid by die skepping en aan die mens se verantwoordelikheid as beeld van God.

Ek wil graag die boek aanbeveel by almal wat met omgewingstudies besig is. Daar is balans in die opstelle. Een van die belangrikste leemtes is myns insiens egter dat daar oor hierdie probleem in die reformatoriese tradisie belangrike studies gepubliseer is, wat nie gebruik is nie. Ek verwys hier na die besonder goeie studie: *Earthkeeping* met Wilkinson as redakteur wat by Calvin College in Grand Rapids die lig gesien het en waarin baie sterker die perspektiewe van die Skrif aangedui word. Dit is tog jammer dat daar skynbaar mure rondom die beoefening van Teologie gebou word tot so 'n mate dat relevante literatuur nie eers geraadpleeg word nie. Of miskien is dit nie so erg nie.

B. Duvenage

# Boekaankondigings

Arabindan, K. March 1988. *A Christian perspective on hypnosis*. Potchefstroom: PU CHE/IRS.

Beyerhaus, P. ea. 1988. *Violence in Christ's Name?* Kwasizabantu: The Confessing Fellowship of Germany.

Botha, J. Febr. 1988. *Versoening: In die Bybel en in die praktyk van die huidige Suid-Afrika*. Potchefstroom: PU CHO/IRS.

Kriel, A. 1988. *The Samaritan in South Africa: A quest for christian criteria*. Sinoville: Sovereign Books and Music.

Potgieter, P. C. 1988. *Voorberei en toegerus: 'n Studie oor bedieningsgerigte kurrikulering aan Teologiese Fakulteite*. Bloemfontein: Pro Christo-Publikasies.

Van Wyk, J. H. en Van der Walt, A. J. Apr 1988. *Kunsmatige voortplanting vanuit etiese en juridiese hoek bekyk*. Potchefstroom: PU CHO/IRS.